

Vrydag 12 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 66

Fokusgedeelte: Psalm 66:5-12 (AFR53)

Laat ons God loof vir sy groot dade van verlossing EN van toetsing en loutering

Psalm 66 is 'n lofpsalm. Soos 'n goue draad is die tema van lof regdeur die psalm: "Juig tot eer van God, o ganse aarde!" (vs 1). Die hele aarde moet Hom loof vir sy groot werke, sy groot dade (vs 3-5).

Wat is hierdie groot dade waarvoor die Here geloof moet word? Vers 6 verwys na die twee groot bakens van die Ou Testament in terme van God se groot dade – die trek deur die Rooisee uit Egipte, en weer die trek deur die Jordaanrivier die beloofde land in. Daar sien ons veral God se groot dade. Hy is die God oor die natuur. Hy beheer die natuur. *En so maak Hy vir sy kerk 'n pad deur die chaos van die water heen, vanweë sy liefde vir sy kerk.* Hy het haar immers losgekoop met sy eie bloed, die bloed van Jesus Christus. So maak God egter nog steeds altyd weer vir sy kerk 'n pad deur die chaos van hierdie wêreld heen.

God heers egter nie net oor die natuur ten behoeve van sy kerk nie; Hy heers ook oor alle nasies (vs 7). Dit is 'n ontsaglike troos vir die gelowiges. Kyk wat lees ons in verse 10-12. Die klimaks is in vers 12: "U het mense oor ons hoof laat ry." 'n Verskriklike onheil kom uit die Here se hand. Wat 'n vreugde is dit nie dat die verskriklikste onheile van ons lewe in die Here se hand is. *Dit is nie ons vyande wat wen nie!* Dit is eerder die Here wat ons toets en ons louter.

Dit is tog rede vir ware lof! Alles, ons hele lewe, is in die Here se hand. Laat ons bly wees in Hom, selfs al kom swaar tye van toetsing en loutering. Mag die Heilige Gees ons vandag weer daaraan herinner dat God oor die natuur en oor alle nasies regeer. Ons lewe is in God se hand; *alles in ons lewens kom uit sy Vaderhand* (Heidelbergse Kategismus, Sondag 10). Loof God!

Sing: Psalm 124-1:1-3

Ds. R Boersema (Reinhard) (Vryburg)